



Waarheid en geskiedenis

In vorige uitgawes van Die Skietlood is daar gehandel oor sommige aspekte van die artikel van dr WA Dreyer; “Wanneer een twee word” (wat in HTS verskyn het). Die klem was spesifiek op metodologie en perspektief. Die vraag word gestel of dit enigsins loon om verder op die artikel te reageer. Die antwoord kom vanuit meer as een hoek en is ‘n onomwonde “ja”. Die aard van die artikel vra na regstellings, nie net omdat dit inhoudelik selfverdedigend en selfregverdigend is nie, maar ook omdat dit in ‘n akademiese omgewing gepubliseer is. In die akademiese ruimte is dit so dat artikels bou op artikels. Dit beteken dat navorsers na mekaar se artikels verwys ter staving van hulle stellings en artikel inhoud. Indien die foute nie aangespreek word nie, word daar gebou op die **waninligting** wat gevolglik as akademiese feite weergegee word. Navorsers met selfrespek sal nie sonder huiwering “feite” aanhaal; indien dit elders gerepudieer word nie. Die Skietlood is allermens ‘n akademiese publikasie, maar het reeds ‘n wye leserskring en is elektronies beskikbaar. Dit beteken dat enige artikel met ‘n enkele verkeerde verwysing alle gesag kan verloor.

Daarmee saam is dit goed om almal te herinner aan die ware toedrag van sake, veral omdat dit nog nie volledig geboekstaaf is nie. Hier volg dan nou die verdere bespreking: Dr Dreyer se stellings sal in kursief (lettergrootte 10) verskyn en die reaksie in gewone druk (met 12 as standaard lettergrootte). Die vraag wat gestel word is; **Wie is besig met disinformasie?**

1. Vyf predikante van die Hervormde Kerk (proff. J. Buitendag, E. van Eck, J.A. Loader, A.G. van Aarde en Y. Dreyer) het ‘n openbare verklaring uitgereik waarin hulle die teologiese regverdiging van apartheid

verwerp. Die dosente is aangekla deur lede van Die Verbond/HCM Fourie Vriendekring as sou hulle die goeie orde in die kerk versteur, kerkskeuring bevorder en hulle nie onderwerp aan besluite van die (1982) AKV nie (Van der Merwe 2012:1).

Dit is **selektiewe gebruik** van die feite. Die vyf dosente se verklaring was primêr in reaksie op die verklaring van die 68e KommAKV dat dit lyk asof daar probleme is in die gesprek met die WARC. Daarmee saam moet dit gestel word dat die dosente nie die kerklike kanale gevolg het nie, maar onmiddellik **na die pers** gegaan het. Die dosente se bewoording was ook skerp. Hulle het onder andere beweer dat die klippe dit sal uitroep indien hulle stil sou bly (sou nogal ‘n skouspel kon wees, goed vir toerisme). Hulle het ook ampsdraers en lidmate wat soos hulle voel, uitgenooi om met hulle persoonlik in verbinding te tree. As sodanige optrede en oproep nie die goeie orde versteur nie, kan niks onrus bring nie. Die klagstaat het baie meer as net hierdie saak behels: Dosente is in die klagskrif van dwaalleer aangekla.

2. Die saak het voor die Kommissie van die AKV geding, waarna al die partye ooreengekom het dat die standpunt van die dosente (wat bekend geword het as as Besluit 54) aan die AKV voorgelê sou word vir beoordeling.

Kom ons gaan stap vir stap deur die proses.

- Eerstens is die dosente aangekla.
- Die KommAKV het die klag terugverwys omdat daar nie ‘n broederlike gesprek plaasgevind het voor die klag ingedien is nie.
- Verskeie pogings is deur die klaers aangewend om die gesprek wel te laat plaasvind. Eindelaas is fasiliteite by die kerkkantoor beskikbaar gestel.
- Die gesprek self het eers heelwat later plaasgevind; aangesien die dosente “baie besig” was en prof

Loader in die buiteland werksaam was.

- Die dosente het tydens die uiteindelijke gesprek ingestem om 'n verklaring uit te reik. Die afgewaterde verklaring was baie later eers aangebied is en het nie die indieners van die klag tevrede gestel nie.
- Daar is wel ooreengekom dat al die sake op die klagstaat eers sal oorstaan sodat daar aan die verklaring oor apartheid aandag gegee kan word.
- Die partye het ooreengekom om die saak by die 69e AKV te toets.

3. Buitengewone Algemene Kerkvergadering

Op 04 en 05 Oktober 2011 het die Algemene Kerkvergadering vir 'n buitengewone sitting gekonstitueer.

Hierdie opmerking is van groot belang. Van die begin af was daar verskil van mening oor hierdie saak. Dit was die Beswaardes (later steedsHervormers) se oortuiging dat 'n **nuwe AKV** oor die saak moet besluit. **By meer as een gesprek** is deur beswaardes aangedring dat 'n **vervroegde AKV** byeengeroep moes word, of as **alternatief** dat 'n **moratorium op 54/69** geplaas moes word. Die 69e AKV kan nie regter speel oor sy eie besluite nie. Beswaardes het die 2011 vergadering gesien as 'n buitengewone sitting van die 69e AKV. Die KommAKV het daarop aangedring om dit 'n (nuwe, onafhanklike) Buitengewone AKV te noem, die terminologie wat Dreyer in sy volgende sin gebruik. (Dit ten spyte van die feit dat daar na vorige buitengewone vergaderings verwys word as buitengewone sittings van die soveelste vergadering, presies die terminologie wat Dreyer in sy eerste sin gebruik.)

4. Die Kommissie van die AKV het die buitengewone AKV byeengeroep om aandag te gee aan 'n Beswaarskrif wat by die Kommissie van die AKV ingehandig is. Die Beswaarskrif is ingehandig op grond van Ordinansie 1.2.1. van die Kerkorde (NHKA 2010:3). Dit lees soos volg: 'Besware teen leerbeslissings van die Algemene Kerkvergadering

word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê.' Die Komitee van die steedsHervormers het op 30 November 2010 met die Moderamen in gesprek getree nadat hulle opgeroep is vir gesprek. Hierdie vergadering is deur bykans al die kommissielede bygewoon. By dié geleentheid is die Beswaarskrif deur die beswaarde lidmate en ampsdraers op die tafel geplaas, maar dit is nie bespreek nie.

In hierdie paragraaf is 'n anakronisme en nog 'n feitefout. Die Beswaardes sou eers in 2012 kies om hulself steedsHervormers te noem. Die vergadering van die KommAKV met die komitee was ook nie op 30 November nie, wel op 22 November 2010.

Ter wille van volledigheid: Die komitee is vir die broederlike gesprek opgeroep omdat hulle nie die "gewone kommunikasiekanale" gevolg het nie. Dit herinner aan die dosente wat na Beeld gegaan het met verbygaan van "amptelike kanale". Die dosente was nie vir gesprek deur die KommAKV opgeroep nie. Die komitee het vergaderings belê en gemeentes uitgenooi, sonder om die KommAKV te ken in die saak. Gemeentes waar die predikant en of die ouderling 'n teenstem tydens die 69e AKV genotuleer het teen 54/69, is gekontak en uitgenooi na die vergaderings toe en het adviserende korrespondensie ontvang.

Tydens die gesprek het die KommAKV gestel dat enige korrespondensie na gemeentes eers 'n draai op hulle tafel moes maak. Teen die einde van die vergadering het die komitee die Beswaarskrif aan die KommAKV oorhandig. Sekere keerdatus word in die Beswaarskrif vermeld, datums wat gewoon deur die KommAKV ignoreer is. (Keerdatus in Beswaarskrif beskikbaar) Die saak is nie dadelik verder gevoer nie omdat die komitee die KommAKV 'n billike tyd wou gun om te besluit.

5. Op 28 Januarie 2011 het die Kommissie 'n buitengewone vergadering belê waar verdere aandag aan die Beswaarskrif en die proses wat gevolg behoort te word, gegee is. Die Kommissie het na

hierdie vergadering 'n Herderlike Skrywe aan al die gemeentes van die Hervormde Kerk gestuur om hulle van die beswaar in te lig en hoe die Kommissie die saak verder gaan hanteer.

Die Kommissie was ook bereid om verteenwoordigers van die beswaarde lidmate op 18 Februarie 2011 te woord te staan oor die proses, maar hulle het aangedui dat hulle so 'n gesprek nie nodig ag nie.

Die formulering laat dit lyk asof die komitee nie wou gesprek voer nie. Billikheidshalwe moet dit tog gestel word dat die KommAKV met die 18 Februarie vergadering volgens hulle skriftelike uitnodiging slegs die proses wou verduidelik, die proses wat reeds in die Herderlike skrywe uitgestippel was. Die KommAKV wou oor geen ander saak praat nie en die komitee het geoordeel dat hulle goed genoeg kan lees en dit almal se tyd en geld sou mors om in 'n gesprek te herhaal **dit** wat reeds op skrif is.

6. Die Kommissie het daarna, soos die Kerkorde daarvoor voorsiening maak, die advies van verskeie deskundiges oor die saak ingewin en oorweeg. Die meerderheid van die deskundiges het nie saamgestem met die wese van die beswaardes se argumente nie, maar almal was dit eens dat hierdie belangrike teologiese aangeleentheid is wat verdere debat vereis.

Die KommAKV het nie eens die komitee genader vir voorstelle oor wie op die lys van adviseurs geplaas kan word nie. Getalle wys wel dat die meerderheid op die voorkeurlys van die KommAKV juis hulle standpunt ondersteun. Dit is tog opvallend dat iemand soos prof Ben Engelbrecht in sy advies selfs die moontlikheid stel van 'n *status confessionis*. Dit word nou glad nie genoem nie.

7. Die Kommissie het die Beswaarskrif tydens 'n werkwinkel op 04 en 05 Maart 2011 volledig behandel. Daarna is die Beswaarskrif weereens in debat geneem op 10 en 11 Maart 2011 tydens die Kommissie se geskeduleerde vergadering. Daar is by hierdie geleentheid weer met die komitee van die beswaardes gesprek gevoer.

Dit is verg 'n kreatiewe verbeelding om die gebeure van 11 Maart 2011 'n gesprek te noem. Die komitee se lede, asook advokaat du Plessis het gepraat.

Die voorsitter (Dr DJC van Wyk jr) het amper gepleit by die Kommissielede om deel te neem en van die gebeurtenis 'n gesprek te maak. Die **stilsweye** van die KommAKV tydens die teenwoordigheid van die komitee is opvallend. Die klankopname en die transkripsie van daardie vergadering sal hierdie stelling staaf.

8. In die oorweging van die saak was dit 'n vraag of Besluit 54 inderdaad 'n leerbeslissing behels. Omdat Ordereël 1.1.4. (NHKA 2010:1) stipuleer dat die leer van die kerk ook tot uitdrukking kom in teologiese uitsprake, het die Kommissie geoordeel dat die Beswaarskrif wel by 'n AKV kan dien. Na verdere konsultasie met verskillende rolspelers en korrespondensie met die beswaarde lidmate en ampsdraers, is besluit om die Beswaarskrif tydens 'n buitengewone AKV ter tafel te neem, sodat die Kerk weer die geleentheid kry om daaroor te besin en besluite te neem.

Dit is nie korrek nie. Die komitee is reeds op 11 Maart 2011 in kennis gestel dat die KommAKV nie die Beswaarskrif aanvaar nie (KommAKV notules sal dit staaf). Onder leiding van dr Johann Steenkamp het die komitee aangedring dat die KommAKV redes gee vir hulle besluit. Die komitee het die KommAKV ook daarop gewys dat die KommAKV nie by magte is om self so 'n besluit te neem nie. Daarna het die KommAKV sy verwerping van die Beswaarskrif terug getrek en gepraat van 'n buitengewone sitting van die AKV. Die komitee het weer gevra vir 'n volgende AKV, terwyl die KommAKV onkerkordelik 'n Buitengewone AKV voorgestel, en deurgevoer het. Die agenda vir die BAKV spreek ook boekdele. Die KommAKV was in volle beheer van die inhoud en het nie die komitee geken in enige saak nie. Deel van die protes van die beswaardes was die ondersoek wat geloods is na die moontlikheid van dolering (om te treur). Die KommAKV het in een saak die komitee geken en dit was die versoek om die dokumentasie rondom dolering ook in die agenda op te neem. Die komitee het dit geweier, maar nie eens hierdie wens van hulle is

gerespekteer nie en die dolering dokumente is onvoltooid wederregtelik in die agenda opgeneem. Die vermoede bestaan dat enige inligting wat die Beswaardes en steedsHervormers anders as sleg uitbeeld, nie die “akademiese navorsingspaal” sal haal nie.

9. Dr WA Dreyer se volgehoue pogings om die steedsHervormers onder die wolk van verdenking te hou kom ook na vore in byvoorbeeld:

Op 02 Junie 2012 het die steedsHervormers 'n Staat van Belydenis teen die Hervormde Kerk verklaar. In die nagaan van die dokumentasie rondom die Staat van Belydenis, het dit duidelik geword dat daar verskillende tekste is – party langer en party korter. Die korter weergawe wat die mees bekende is lui soos volg:

Dramaties, dalk self melodramaties, **maar nie korrek nie**. Die Staat van Belydenis is teen die AKV verklaar, juis omdat die steedsHervormers oortuig was dat die dwaling by die AKV plaasgevind het en nie lewe onder lidmate nie. Die Staat van Belydenis verwys ook deurgaans na die AKV in elkeen van die sewe sake wat daarin vermeld word, beide in die gemotiveerde weergawe asook die opsomming. Dr WA Dreyer se stelling dat steedsHervormers die Staat van Belydenis teen die Hervormde Kerk verklaar het, lyk daarom na kwaadwillige verdagmaking.

Daar is ook net een teks van die Staat van Belydenis, met 'n verkorte weergawe wat gebruik word vir diegene wat dit wil onderteken. Die langer teks bevat die historiese agtergrond asook die teologiese beredenering van elke saak. Die korter teks is 'n opsomming van die Staat van Belydenis. Daar is nie “party korter en party langer” weergawes nie, net die volledige beredenering en die opsomming wat deur enige individu onderteken kon word.

Die Skietlood wil met hierdie voorbeelde volstaan. Dit is duidelik dat daar selektief met feite omgegaan word in die

betrokke artikel van Dreyer. Dit is natuurlik so dat daar vanuit Bondsgeledere klem sal wees op ander sake. Dit moet erken word en verreken word in enige navorsing. Enige navorsers wat sy sout werd is, sal dieper moet grawe om by 'n meer gebalanseerde stel feite uit te kom, wat nog te praat van die waarheid. Dit is tog opvallend dat die GHG-weergawe met vrymoedigheid meer feite op die tafel plaas. Daarmee saam is dit so dat daar steeds baie mense is wat gewoon die inligting weerhou van hulle lidmate. Uit hierdie aanhaling is dit duidelik dat lidmate van inligting voorsien is wat beskou kan word as disinformasie. Hierdie woorde is so waar. Die vraag kan nou aan Dr WA Dreyer gestel word; Wie is eintlik skuldig aan disinformasie? Die Kommissie het van amptelike kommunikasiekanale gebruik gemaak om bepaalde standpunte te stel, te wete die kerklike tydskrifte, omsendskrywes en herderlike skrywes. Die Kommissie het ook toestemming verleen dat 'n amptelike Facebookblad vir die kerk gevestig word. Maak “amptelik” daarvan “informasie”? Die “bepaalde standpunte”, hoe verteenwoordigend sou hulle wees? Dreyer verwys in sy artikel daarna dat instansies verantwoordelikheid moet aanvaar vir wat in hulle publikasies staan. Beteken dit dat die NHKA verantwoordelikheid aanvaar vir die laster en verdagmaking wat onbeheersd op die NHKA se amptelike Facebookblad verskyn? En die disinformasie, voor wie se deur kan dit geplaas word?